

Sodat julle kan glo (Joh 1-11)			Sodat julle in Sy Naam die lewe lan hê (Joh 18-25)	
'n Paar jaar in Israel			'n Paar weke in Jerusalem	
Sewe wonders			In die bokamer	Die grootste wonder
1:1 Menswording van die Seun van God	1:19 Bekendstelling van die Seun van God	5:1 Teenkating teen die Seun van God	13:1 Voorbereiding van die dissipels	18:1 Kruisiging en opstanding

Dag	Dag se brood	Meer heuning	Joh 20:30 gee die doel van die boek: Ons moet sien en glo wie Jesus is sodat ons die lewe kan hê. Johannes stel Jesus voor as die Seun van God, die Ewige Woord wat na die aarde toe gekom het en deur sewe groot wonders en sewe “Ek is” uitsprake leer hy ons wie Jesus werklik is. Deur verse 8:58 en 10:31 koppel dit aan Eks 3:14 se Ek is. Die evangelie beskryf hoe die mense wat in aanraking met Hom gekom het, uiteindelik erken dat Jesus waarlik die Seun van God is.		
Ma	Joh 1:1-16 3:14-16	Joh 1-3	<p>Daar is bereken dat ongeveer 92% van die Johannes evangelie nie in die ander drie evangelies voorkom nie. Daar is nie gelykenisse nie, Jesus se preke kom nie voor nie. Hy vat 'n insident (bv. Nikodemus) of 'n beeld (bv. Lig) en bou daardeur sy boodskap.</p>	<p>Die boek is vol konflik tussen Jesus en sy vervolgers. Geestelike konflik van “duisternis” teen “lig”, “Hom aanneem” teenoor “Hom nie aanneem nie”, “uit die mens gebore” teen “uit die gees gebore” en dan ook “wet” teenoor “genade en waarheid”. Die konflik bereik 'n hoogtepunt aan die einde van die boek met die dood teenoor opstanding van Jesus Christus.</p>	<p>Die woord “glo” word agt en negentig keer in die Johannes evangelie gebruik. Johannes gebruik ook sinonieme vir glo: “aanneem” (1:12); “drink” (4:13-14); “kom” (6:35); “eet” (6:51); “ingaan” (10:9). “Glo” is die reaksie van die mense wat God se heerlikheid deur Jesus Christus “sien”.</p>
Di	Joh 6:12-14, :26-29	Joh 4-6			
Wo	Joh 9:1-7, :35-39	Joh 7-9			
Do	Joh 10:1-18	Joh 10-12			
Vry	Joh 15:1-8	Joh 13-15			
Sat	Joh 17:1-5, 9-11	Joh 16-18			
Son	Joh 20:11-17	Joh 19-21			

Memoriseervers: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. (Joh 3:16)*

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Sien en glo: Die Woord

Ek skryf hierdie wondertekens juis so
dat julle daardeur kan glo,
dat Jesus die Christus,
die Seun van God is
en sodat julle deur te glo,
in sy Naam die lewe kry van Bo. (Joh 20:30)

As jy in die ewigheid terug staar:
In die begin was die Woord daar
en die Woord was by God
en die Woord was self God. (Joh 1:1-2)

Alles het deur Hom tot stand gekom.
Ja, niks het ontstaan sonder Hom.
In Hom was daar lewe –
die Lig aan mense gegewe. (Joh 1:2-3)

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
Ons het sy heerlijkheid gesien, wonderlik, beeldskoon.
Niemand het nog ooit God self gesien,
maar deur Sy Seun sien ons Sy genade onverdien:
(Joh 1:14,18)

Die enigste Seun van die Vader se heerlijkheid
is oorloeps vol van genade en waarheid.
Ons almal is uit daardie oorfloed
met genade op genade begroet. (Joh 1:14-16)

Sien en glo: EK IS

Twaalf mandjies se oorbly brood opgetel
EK IS DIE BROOD!!
Nou kan ek my in Hom versadig.
'n Blinde man se sig herstel
EK IS DIE LIG!
Verliggend my ook begenadig...

Ek ken my skape en hulle ken My
EK IS DIE HERDER!
Ek hoef nie meer vir gevaar te bewe.
Vir die skape die troos daarby:
EK IS DIE INGANG!
Dis ook my deur na die ewige lewe...

Lasarus uit die dood opgewek
EK IS DIE OPSTANDING EN DIE LEWE!
Die dood is oorwin, dit is 'n feit.
Die dissipels is bekommerd oor sy vertrek:
EK IS DIE WEG EN DIE WAARHEID!
Net met dié pad kom ek by God uit.

Jy is 'n loot in My boord,
EK IS DIE WINGERDSTOK,
so bring liefdesvrugte voort!